


RAAD BY DIE AANKOOP VAN BOU-MATERIAAL



HOAP

PAMFLETTE MET RAAD VIR DIE HUISEIENAAR





DIE AANKOOP VAN BOUMATERIAAL

Huisbou of aanbou en verander aan 'n bestaande huis kan 'n duur storie wees. Jy moet mooi beplan waar jy die regte boumateriaal kan kry wat jy kan bekostig, en dit mag nie te ver van jou erf af wees nie.

STAPPE OM TE VOLG VOORDAT JY DIE BOU-MATERIAAL KIES



Stap 1 - Teken 'n plan van die aanbouing of die verandering wat jy beplan.

Stap 2 - Gebruik die plan om 'n lys op te stel van die bou-materiaal wat jy vir die werk nodig het.

Stap 3 - Werk uit hoeveel jy van elke tipe boumateriaal nodig het (hoeveelhede).

Stap 4 - Gebruik die lys van soorte bou-materiaal en hoeveelhede om uit te werk hoeveel die bouwerk gaan kos.

Stap 5 - Besluit waar jy tweedehandse materiaal kan gebruik.



Jou plan kan maar 'n growwe skets wees. 'n Formele bouplan maak dit egter makliker om uit te werk presies hoeveel jy van elke soort bou-materiaal nodig het, en dit kan jou op die lange duur geld bespaar.

'n Formele bou-plan word deur 'n argitek-tegnikus opgestel of deur 'n tegniese tekenaar.

Sodra jy jou plan het, kan jy 'n ervare bouer of 'n handelaar van bou-materiaal vra watter soorte bou-materiaal jy nodig het, en hoeveel jy van elk benodig. 'n Boumateriaal-handelaar kan ook vir jou sê hoeveel die materiaal sal kos.

HOE OM GESKIKTE BOU-MATERIAAL TE KIES



Vra ervare bouers en huiseienaars watter soorte bou-materiaal die beste geskik is vir jou doel.

- Watter materiaal is bekostigbaar, word algemeen gebruik, is van 'n hoë gehalte, en is boonop plaaslik beskikbaar?
- Watter soorte materiaal pas die beste by die plaaslike weersomstandighede en temperature? Sal hierdie soorte materiaal weerstand bied teen hitte, koue, wind en reën?

KOSTEBESPARINGS




Tel die koste van die bou-materiaal by die materiaal-vervoerkoste en die prys van die bouers se arbeid. Dit gee vir jou 'n kosteraming vir die hele projek. As dit meer is as wat jy kan bekostig, kyk of jy die koste op een of meer van die volgende maniere kan verminder:

- Bou 'n kleiner huis of kleiner kamers.
- Gebruik 'n goedkoper afwerking en minder tierlantyntjies.
- Vergelyk verskeie handelaars se pryse vir bou-materiaal of koop wanneer daar 'n uitverkoop is.
- Koop tweedehandse boumateriaal van 'n goeie gehalte.
- Vra ervare huiseienaars en bouers se raad oor hoe om op die koste van boumateriaal en arbeid te verminder.
- Onderhandel met die boukontraakteur oor 'n beter prys vir arbeid en kyk of jy en jou gesin nie 'n deel van die werk self kan doen nie.
- Groepe huiseienaars kan saamspan en besparingsgroepe vorm wat groter hoeveelhede bou-materiaal kan koop, die vervoerkoste onder mekaar kan deel en oor afslag-pryse kan onderhandel.

DIE BELANGRIKSTE RAAD IS:

- Kies boumateriaal van 'n goeie gehalte wat by jou behoeftes en omstandighede pas.
- Werk mooi uit hoeveel jy van elke materiaal nodig het.
- Beraam die koste van die materiaal en kyk of jy dit kan bekostig.



WENKE:

- Behandel tweedehandse hout met PCP (penta-chloro-phenal) ingeval rysmiere en kewers daarin skuil.
- Moenie tweedehandse asbes-produkte koop nie soos bv. plafon- of dakplate, geute of aflooppype. Hierdie produkte veroorsaak gesondheids-probleme.



TWEDEHANDSE BOU-MATERIAAL

Tweedehandse bou-materiaal is 'n goeie manier om te bespaar. Die volgende soorte materiaal is vrylik tweedehands beskikbaar en is veilig om te gebruik:

- Bakstene
- Houtrame vir vensters en deure (kyk of dele van die hout verrot is of kewers bevat)
- Staalrame (maak seker dat dit geen ongelykhede bevat nie, want dit kan roes veroorsaak)
- Bouhout vir vloere, dakke en plafonne (maak seker dat die hout geen verrotte dele of kewers bevat nie)
- Opwasbakke

ALTERNATIEWE MOONTLIKHEDE

Vir baie soorte bou-materiaal wat algemeen gebruik word, bestaan daar alternatiewe moontlikhede. Sommige van hierdie alternatiewe is goedkoper of beter vir die omgewing. Hier volg 'n paar wat jy kan oorweeg:

DEEL VAN GEBOU	ALGEMEEN-GEbruikte BOU-MATERIAAL	ALTERNATIEWE MATERIAAL
Fondament	600 x 200 mm betonstrook-voetstukke (in 'n fundamentsloot wat tot op 'n stewige oppervlak gegrawe is).	Versterkte betonbalk vloerblad of grondbalke op onvaste grond.
Mure	Mure van 140mm betonblokke met 'n vogdigte laag (VDL). VDL word 150 mm bo die voltooide grondvlak en bo die "brickforce" bo deure en vensters gebruik. Onder grondvlak word blokke met beton gevul.	Baksteenmure, hol stene, bakstene van verdigte grond, bakstene van 'n sement-sand-mengsel, panele, sandsakke in houtrame.
Vloere	Betonblad van 75 mm op VDM (vogdigte membraan) op verdigte grondlae van tot 300 mm dik.	Betonblad van 100 mm + versterking van staal-ogiesdraad op opge vulde/verdigte grond.
Venster- en deur-rame	Vensterrame van sagte staal met 3mm glas, deurrame van meranti-hout (of Clisco-rame met omhulsel vir vensters en deure)	Behandelde Suid-Afrikaanse dennehout, meranti-hout of aluminium
Dakstoel	Balke of dakstoele van Suid-Afrikaanse dennehout met latte vir dakplate.	Dakstoele van Suid-Afrikaanse dennehout of nokbalke en latte met heglatte of naalde vir teëldakke.
Dakafwerking	Sinkplaat, sementvesel (asbes) op 28 x 38 mm dakstoel-latte of op 76 x 50 mm balke.	Beton-dakteëls (op 38 x 38 mm heglatte).
Plafon	Rhinoplaat (gipsplaat) onderkant van dakstoellatte, of aan 38 x 38 mm "brandering".	Masoniet-veselbord, hout, riffelkarton met draad, "Isoboard"-plate
Pleister en verf	Sement-en-sand-mengsel met akriel- of PVA-verf.	Cemcrete, BreatheCoat.
Krag	Vooraf-betaalde elektriese krag met aansluitings vir gloeilampe of buisligte, elektriese waterverwarmer, stoof en verwarmers.	Kompakte buisligte (KBL) ("compact fluorescent lights/CFLs"), sonenergie-waterverwarmer, gas en parafien.



LEES OOK DIE ANDER PAMFLETTE OOR:

- Hoe om jou erf verstandig te gebruik
- Hoe om jou huis op te knap



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Gepubliseer by Development Action Group
101 Laer Hoofweg, Observatory, 7925
Tel: (021) 448-7886 • Faks: (021) 447-1987